

# Water en lewe

**D**ie aarde is 'n plat skyf wat bo-op water lê. Gevaarlike water, want diep daar onder skuil die doderyk .... en vaar jy té diep die oseaan in, dreig die moontlikheid om af te val.

Die hemelkoepel bo is soos 'n tentdoek oor die hele aarde gespan en hou die groot, blou, goeie (hemelse) watermassa teë. Tot voordeel van lewe is daar sluise in die koepel met God as die Groot Waterfiskaal.

Dit was die antieke wêreldbeeld. Ons lees onder andere in die Ou Testament se slotboek daarvan: "Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie" (Mal 3 vers 10).

Dit is asof God met die skepping God se twee almagtige hande plat teen mekaar gedruk het, hulle in oerchaos-waters ingesteeke het, hande bol gemaak het terwyl vingerpunte en handpalms nog teen mekaar bly om die lewensruimte tussen die waters daar bo en die waters hier onder oop te druk ...

Die keuse vir 'n embleem van die Water Lewe-konferensie (11 tot 13 April 2016, Gariëp-dam) roep hierdie ou, Bybelse wêreldbeeld respekvol in herinnering. Uit die blou hemelkoepel val 'n druppel reënwater wat groenigheid laat voortspruit. Die lyne is sag, omdat water vloeibaar is en lewe broos.

Die drievlakkige skepping (onderwêreld, aarde en hemel)



*Barnard Steyn is PSD vir gemeentes by die Sinode van Vrystaat en koördineerder van die Water-Lewe projek.*

is lankal ontmitologiseer. In die plek daarvan word die bewese natuurwetenskaplike kennis omhels. Tog erken ons die misterieuse en soek ons taal en beelde om die feitelike aan te vul.

- Kan geloof- en wetenskaplike



taal sáám gehoor word?

- Behoort teologie en ander vak-kundige dissiplines om dieselfde tafel?
- Hoe praat die kerk oor regte (heilige) water?
- Behoort die kerk se betrokkenheid by water nie méér as biddae vir reën in te hou nie?
- Hoe reageer gelowiges op 'n knellende droogte?

Dit is uit vroeë soos hierdie dat die Water Lewe-inisiatief gebore is.

In hierdie uitgawe van *Kruisgewys* word water veelkantig bedink:

- Die web van water as bron vir genesing (Cas Wepener)
- Die blou planeet? (Ernst Conradie)
- Volheid van lewe en water vloe saam (Daniël P Veldsman)
- Water in SA is min (Chris Jones)
- Water-kerklike uitdagings (Kobus van der Walt)
- NG Kerk steek hand uit en gee droogtehulp (Leon Venter)
- Die Winburg-watergebeurtenis wys God in aksie (Bertus Celliers)
- Kyk met pastorale bril na water (Johan Nel)

Op die webtuiste by gemeentes.co.za kan ook die volgende ekstra artikels gelees word:

- Benut Suid-Afrika se goeie waterwet (Floris Avenant)
- Waar water is, is lewe (André Bartlett)
- 'n Blou teologie? (Nadia Mara is)
- Vroue sien die waternood (Anso Steyn)

Neem gerus deel aan die Water Lewe-fotokompetisie in die kategorieë Wonder van Water, Dors na Water en Woeker met Water:

- Inligting by <http://www.gemeentes.co.za/>
- Inskrywings by [http://www.ngkvrystaat.co.za/select\\_event.php](http://www.ngkvrystaat.co.za/select_event.php)
- Ingeskrewe foto's by <http://www.saisi-learning.co.za/ngkvrystaat.co.za/fotos.php>